Nuusbrief

Volume 2 / 2013

PO Box/Posbus 7864 • Bloemfontein 9300 • Tel: 051 4100 967 • Fax/Faks: 086 7689 669

Voorwoord

Geagte lede

'n Mens kan nie dink dat dit al weer na die einde van die jaar toe staan nie.

Die jaar was vir die landbou seker een van die moeilikste in baie jare. Ons voer maar deurentyd 'n stryd met die negatiewe aspekte van mens-wees, van landbouer-wees. Ek dink soms dis nie hoe goed jy boer nie, maar hoe goed jy keer!

Maar soos ek gesê het in die verlede alles wat onder is moet weer op!

Dankie aan almal van julle wat die jaar 'n positiewe bydrae tot die ras gelewer het. Ek dink ten spyte van wat in die landbou aangaan, het ons ras en sy telers nog steeds uitgestyg.

Die Nasionale Veiling is seker die laaste hoogtepunt van die jaar en ek vra asseblief dat almal dit sal ondersteun.

Dan laaste aan my raad dankie dat julle so positief oor ons ras en sy lede is. In die tydperk wat ek die voorreg het om president te wees, is daar nog nooit tydens raadsvergaderings gestem oor 'n kwessie nie. Alle probleme was uitdagings wat lekker debattering ontlok het. Die uiteinde was 'n werkbare oplossing tot voordeel van ons ras.

Ek vertrou dat julle almal die laaste semester van die jaar sal geniet en dat almal geseën sal wees met oorvloedige reën!

Groete
Christopher Havenga

STANDERTON HOËVELDFEES

Die Standerton Hoëveldfees vind plaas op 19, 20 & 21 September 2013. Die Genootskap wens Hans Bester en dogters alles van die beste toe met die skoubeoordeling en uitstalling daar.

Braunvieh

Merit	Nr of bulls	Nr of bulls with progeny	Mean progeny per sire	Max progeny	Total progeny	% Bulls used by stud breeders
Gold	82	33	32.06	123	1058	40,24
Silver	80	19	27.21	127	517	23.75
Bronze	86	24	31.42	108	754	27.91
Sub-merit	42	6	29.67	93	178	14.29
Slaughter	30	1	2	2	2	3.33

The Braunvieh is one of the smaller breeds, which might make proportions and percentages seem inflated and should be interpreted with caution. Bulls with gold merit had more bulls with progeny and more total progeny. Bronze merit bulls were used more than silver merit bulls and produced 237 more total progeny. The total progeny from merit bulls were in the following descending order: Gold, Bronze, Silver, Sub-merit and Slaughter. There was progeny produced from one bull certified as a slaughter bull. The proportions of bulls used and total progeny are presented in the pie charts in figure 3.1. Most bulls were used by commercial farmers, with 40.24% of gold merit bulls being used by stud breeders, 23.75% of silver merit bulls, 27.91% of bronze merit bulls, 14.29% of sub-merit bulls and 3.33% of slaughter merit bulls. The number of bulls with merits versus the number of bulls with progeny is presented in figure 3.2.



Figure 3.1: The proportion of merit bulls with progeny and total progeny from merit bulls



Figure 3.2: All the bulls with merits versus the bulls with progeny

CDH
Braunvieh

THE ONE THAT LEADS THE WAY!

CHRISTOPHER BRAUNVIEH
bied aan:

Die bul, Zakumi, sal by die veiling beskikbaar wees.

5 Top-bulle tydens die Nasionale Braunvieh-veiling.

Plek: GWK Veilingskrale, Kimberley
Datum: 24 Oktober 2013 om 11h00

Kontak: Christopher Havenga • Sel: 082 821 1527 • Epos: christopher@cdhcattle.co.za

SA Braunvieh / NAMPO 2013 exhibition

This year's exhibition was done by the De Villiers family of Berglandkoepel Stud whom also showed the cow with her heifer calf. Bezuidenhout Broers showed the bull while Hans Bester exhibited Braunvieh/Bonsmara cross calves. The improvements at the cattle complex by various cattle associations are definitely a success – the exhibitions are more professional and the complex is more neat.

In the visitor's book 84 visitors signed this year compared to 64 in 2012. The interest in SA Braunvieh is definitely increasing and it is therefore hopeful to hear that people would actually want to farm with the dual purpose type due to milk- and meat characteristics.

It is however, still disturbing to realize that there are still those among the public that are of the opinion that the Braunvieh is a Brahman/Gelbvieh cross while others still do not know the difference between the Braunvieh and the dairy Brown Swiss. A lot of work still need to be done in this regard to eliminate all confusions. On the positive side, it was a pleasure to receive old friends of the Braunvieh. Everyone involved to make this year's exhibition such a success, is gladly thanked.

AC - CATTLE - CO - SONNESKYN -
50 YEARS OF FOUNDATION BREEDING

PICTURE PERFECT FUNCTIONALLY - SOUND DUAL PURPOSE BRAUNVIEH

BULLE EN VROULIKE DIERE ALTYD BESKIKBAAR



Die twee diere is vir ons ideaal. So poog ons om diere te teel wat op die veld gedy.

Die vereiste van 'n bulkalf - speentyd + 7 maande moet 1.35 kg per dag groei. Die res wat onder presteer word uitgeskot.

Op 1 jaar doen 'n bulkalf in die veld fase D toets vir 180 dae met groei lek. Ons uminiseer diere teen hartwater wat na die streke toe gaan met 100% sukses, onder toesig van ons veearts.

Die oorspronklike kudde - Sonneskyn stoet bestaan reeds 57 jaar. Daaruit is gevestig AC Cattle Co. en P.D.W. Ranch Kuddes. Switserse originale bulle se semen word gebruik. Verskeie bulle is deur die loop van die jare ingevoer met groot sukses: Pilot, Gold, Bar, David Rigo, Dufur, Markus, Reno en Adam.

In bykans elke kudde in die land is van ons kuddes se genetika. Daar word met noulettendheid geteel sodat daar 'n nommerpas bul vir u keuse is.

Piet en Anna de Villiers

053 983 0443 of 082 670 6098

Ras uitstalling

by Pretoria Skou gehou

Pretoria Skou het vanjaar ’n Ras uitstalling gehou soos op Nampo. Gereël deur Veeplaas Tydskrif.

Dit was gehou in die groot meubel saal, in die krale wat hulle opgeslaan het met hekke. Dit was ’n wenner. Belangstelling was baie goed.

Ons Ras het die 5de jaar Onderste Poort studente genooi vir die demonstrasie van ’n Bul en Koei. Dit was ’n belewenis vir die groep studente. Hulle het van 2 uur tot na 5 nog gekuier en gevra oor alle fasette van die Vee boerdery.

Ons het wors broodjies en wyn bedien. Hulle kon hul oë nie glo nie. ’n Pragtige groep jong mense, ek is trots op hulle (ons mense).

Baie dankie aan Daleen Bester vir die reëlings van die studente.

Die reëlings is deur Tiny Smith van Veeplaas behartig. Ek wil vir 0hom sê baie dankie. Dit was puik, en vir die donasie van Veeplaas baie dankie, julle is regtig deel van ons.

Braunvieh presteer by Skoue

Op Lichtenburg was die Bul Beaulieu Orkaan die Senior en groot kampioen bul.

Die koei Harman Nuessli (middelfoto) was op Lichtenburg, Thabazimbi en op Pretoria die senior en groot kampioen koei. Sy was ook by Pretoria/Lenteskou/Spring Show die Superkoei met 'n TKP van 338 met 7 kalwers. Sy het ook by die Lenteskou op Pretoria in die interras kompetisie, 'n derde plek gekry tussen al die rasse en het haar onderskei van die ander as die koei met die beste TKP.

Op Thabazimbi en Pretoria was die bul Harman Nantes onderskeidelik die kalf, Junior en Groot Kampioen bul.

Die Junior kampioen vers van Advokaat Benjamin Ratshikana . Op die foto is die touleier, oom Piet Rossouw (die beoordelaar) en Benjamin Ratshikana met sy kind in die arm. Die naam van die vers is OB Kelly 'n dogter van Markus 8.

Vryburg Show 2013

Hoeveelheid Vertoners	13
Hoeveelheid beeste ingeskryf	67
Junior Kampioenbul is vertoon deur	JJ Bester en dogters
Junior Kampioen Vroulike dier is vertoon deur	CD Havenga
Senior Kampioen bul is vertoon deur	Bezuidenhout Broers
Senior Kampioen Vroulike dier is vertoon deur	CD Havenga
Raskampioen bul is vertoon deur	Bezuidenhout Broers
Raskampioenkoei is vertoon deur	CD Havenga
Meeste punte is verower deur	Eduan Boerdery

By die afgelope Vryburg Skou, het die Braunvieh SA Ras die volgende trofeë oorhandig:

1. Beste Kudde aan Christopher Havenga van die Christopher Braunvieh Stoet.
2. Beste TKP aan Hans Bester van die Witkwas Stoet.
3. Die Presidensiële Toekenning is oorhandig aan Wessel de Villiers van die Berglandkoepel Stoet.

Christopher Havenga is ook herverkies as die Braunvieh SA President vir 2013/2014

Oorkondes vir 25 jaar in die Stoetbedryf is oorhandig aan:

- Christopher Havenga van die Christopher Braunvieh Stoet
- Bennie Coetzer van die Nordika Stoet
- Japie Bornman van die Jaborn Stoet
- Hampie van Zyl van die Beaulieu Stoet

By die Vryburg Skou Interras het 13 vertoners deelgeneem met 67 diere ingeskryf. Eduan Stoet het die meeste punte behaal met Christopher Braunvieh in die tweede plek. By die Vryburg Skou Interras Beoordeling het Leon Strauss van Charis Trust Reserwe Plek behaal in die Interras Kalfkampioen Vroulike dier (Diere onder 18maande).

Charis Trust het ook die Netste Stal toekenning by die Interras Beoordeling ontvang.



Senior Kampioen Koei: Happy (CD Havenga)

Junior Kampioen Bul:
Witbek Windhoek (Hans Bester en dogters)

Senior Kampioen Bul: (Bezuidenhout Broers)

Kalf Kampioen en Reserwe Interras KampioenUzziah Aini
(Leon Strauss)

Kalf Kampioen Bul Vryburg 2013
Eduan Bacardi's Macho (Eduan Boerdery)

Junior Kampioen Koei: Jasmin (CD Havenga)

Aan alle Bonsmara boere wat dalk wonder watter kruisbul om te gebruik hier is n stukkie wat in die Bonsmara Winter Nuusbrief geskryf is deur Kiep Lepen, Namibiese Interras Beoordelaar.

Die Braunvieh Bonsmara kruis vers is voorwaar ‘n wenner.Daar word ook in Suid Afrika suksesvol met dié kruiskoei geboer.

Onthou MELK is GELD!

UITTREKSEL UIT DIE ARTIKEL ‘BONSMARA IN KRUISTELING ONDER NAMIBIESE BEESBOERDERY TOESTANDE’

deur Kiep Lepen vir Bonsmara Beestelers Genootskap van Namibië

OOSTELIKE EN NOORDOOSTELIKE GEBIEDE TRADISIONEEL DIE KOEIBOERDERY AREAS

Die oostelike en noordoostelike boerdery areas van Namibië staan algemeen bekend as die hoë potensiaalgebiede (hoër reënval en drakrag). In hierdie gebiede behoort die volgende kruistelingstrategie met die Bonsmara op die proef gestel te word:

Bonsmarakoeie x terminale grootraam vleisrasbulle (Charolais, Limousin), produseer nageslag wat vinnig groei en goeie gewigte behaal - slag alle nageslag

Bonsmarakoeie x Dubbeldoelrasbulle (Simmentaler, Braunvieh), produseer F1 kruiskoeie - medium gladde haar, koei met goeie melkproduksie. Hierdie verse kan gerus weer met ‘n Bonsmara bul gepaar word, om die fenoptipe, goeie aanpasbaarheid, gehardheid, goeie mediumraam en goeie moedereineskappe van die Bonsmara terug te bring en te vestig.

(F1 Bonsmara x Simmentaler of Braunvieh) x Brahman, benut voordele van die kruiskoei en die heterose van die Brahman - ook hier is dit baie sinvol om weer ‘n Bonsmara bul terug te bring om die gewenste resultate te kry.

SENTRALE GEBIEDE BEKEND AS DIE TRADISIONELE AFRONDINGSAREAS

Die sentrale gebiede met ‘n gemiddelde reënval het die meer vrugbare grond maar is egter baie verbos. Weidings beskik oor ‘n hoër kwaliteit maar die drakrag is laer. Risikos t.o.v. droogtes is groter as in die ooste en noordooste. Hier behoort ‘n mediumraam aangepaste kruiskoei produksie te verhoog en kan die volgende kruistelingstrategie onder die loep geneem word:

Bonsmarakoeie x Brahmanbul (produksie van F1 aangepaste, gladde haar kruiskoeie en benut heterose van die Brahman)

F1 koeie (Bonsmara x Brahman) x terminale grootraam vleisrasbulle (Charolais, Limousin), produseer nageslag wat goeie groei toon, slag alle nageslag

F1 koeie (Bonsmara x Brahman) x Simmentaler of Braunvieh, (drie-ras rotasie) voordele van kruisteling instand te hou (85%), 20% toename in speengewig

Drieras- en vierrasrotasie kruistelingstelsels verg egter ‘n produksie-eenheid met ‘n goedbeplande infrastruktuur en uitmuntende bestuursvermoë. Beide hierdie faktore is beperkend wat tot gevolg het dat bogenoemde kruisteelprogramme in die meeste gevalle nie suksesvol in Namibië toegepas word nie.

Braunvieh Bul en Koei

deur
Piet de Villiers

Die Bul: Wat mens tref is die lengte, lang bespiering tot op sy hak. Goeie bespiering wys op sy voorarm en net bo sy hak. ’n Goeie sprong van Rib. Verdonkering op voor kwart wat manlikheid en libido wys. Met ’n sterk manlike kop, ’n besondere breedte van agter tot in sy skouers. Op die foto is die bul 4 jaar.

Die Koei: Nie regtig my keuse nie, maar die koei waarvan die meeste seuns in stoet kuddes ooit gebruik is. ’n Baie mooi koei, die oog vang haar elke keer. Die keuse het op haar geval omdat sy ’n paar bul moeder eienskappe mooi duidelik uitwys:

Die Vroulikheid: Haar bek, kop, oë, ore, horings en nek met fyn plooie. Die wig op rooilyn A wat wys van voor na agter. Die rooilyn B van hak na knie wys die eier bokant die lyn. Die eienskappe moet altyd by ’n Bul moeder duidelik wys.

In ons geval, bietjie groter met meer vleis regoor die koei se lyf. Die top lyn en goeie sprong van rib is ook duidelik, met mooi goed aangehegte eier, spene en are op die eier.

Braunvieh SA

Nasionale Veiling / National Sale

te GWK Kompleks/ Complex Kimberley

24 Okt / Oct 2013

Soos die Lente kom, so kom ook die Nasionale "Braunvieh Veiling" nader. Soos u almal reeds weet is die lang verwagte dag 24 Oktober 2013 te Kimberley, aangebied deur GWK.

Die Raad doen alles moontlik om van die geleentheid 'n grote te maak. Die beste diere beskikbaar sal daar aangebied word. Bulle so 20 en Vroulike diere, 40, bo die Raad se verwagtinge. Vir die Telers sê die Raad baie dankie. Die Raad vra ook elke Teler om die 2 dae te ondersteun. Laat asb die Donkie, Os, of Vrou wat u gekoop het vir die 2 dae tuis en kom ondersteun hierdie groot poging waarna daar solank gewag is.

Die Raspromosiedag gaan 'n treffer wees op 23 Oktober. Die saamkuier, beter vriende te word en van mekaar te leer sal 'n belewenis wees. Neem deel aan wat die Genootskap aanbied, dit is waarom u lid is.

Die diere wat ek gesien het, is top diere, kom kyk gerus. Doen u huiswerk goed, maak 'n studie van u Kudde. Kyk wat u graag in u Kudde wil verbeter, soek na 'n "prentjie" van 'n Braunvieh dier soos u dit graag wil hê, en maak daarmee u keuse.

Die Ras leen hom vir menige doele, gebruik dit tot u voordeel. Moet u nie laat beïnvloed deur ander mense nie. Vrugbaarheid bly No. 1 by die Bulle. Die mannekrag is eerste, kyk eers daar dan verder.

So ook by die Vroulike dier – Vrugbaarheid, Vroulikheid, Reproduksie, om 'n kalf te kan groot maak.

Die groot versoek aan almal – Sorg dat u daar is. 'n Magsvertoon beïndruk altyd.

Ek sien u daar.

Vir navrae bel my Dag of Nag.

Piet de Villiers
082 670 6089

Braunvieh Inligtingsdag en Nasionale Veiling Program

te GWK Kompleks / Complex Kimberley

MAANDAG 21 OKTOBER 2013

Diere kom aan deur die dag

DINSDAG 22 OKTOBER 2013

Rus en gereedmaak van diere. GWK Kommersiële Speenkalfveiling. Raadsvergadering.
Aand: Braai en Kuier geborg deur Christopher Havenga, Piet de Villiers en André Reitsma.

WOENSDAG 23 OKTOBER 2013 INLIGTINGSDAG

10h00 vir 10h30 Opening deur Ds Piet Viljoen (Braunvieh Vriend)
10h45 Openingsrede en Verwelkoming deur Christopher Havenga (Braunvieh SA President)
11h00 Bekendstelling van ons borge deur Piet de Villiers
11h05 Molatek, die hoofborg, Joel Herholdt aan die word oor Bulafronding; gevolg deur die ander borge vir demonstrasies
13h00 Breek vir ligte ete in die GWK Restaurant
14h00 Dr Frikkie Neser: Toekoms van die Braunvieh
14h30 Dr Phillip Strydom bespreek 'n karkas
15h20 Mnr Koos van der Ryst van RPO
Koffiebreek
16h00 Demonstrasie van Bul en Koei deur mnr Piet de Villiers
16h45 Breek vir GWK Onthaal om 18h00

DONDERDAG 23 OKTOBER 2013 INLIGTINGSDAG

11h00 Mnr Louis Meyer, Stoet Kommersiële boer van Nietverdiend, oor 'Waarom Braunvieh in 'n kruisprogram'

DANKIE AAN ONS BORGE: HOOFBORG MOLATEK EN BORGE VIRBAC, BATTERY CENTER SOLAR DIVISION, ELECTO WEIGH, BATTERY CENTER, MSD, GWK EN AGRI MAKELAARS